EERSTE TWEE PROFESSIONELE JARE 1971 en 1972

HUISDOKTER JAAR 1971

Na gradedag in die begin van Desember 1970 is ek terug na my ouerhuis op Saasveld waar ek saam met hulle vakansie gehou het tot die einde van Desember. Op 31 Desember is ek Bellville toe, waar ek vanaf 1 Januarie 1971 my Huisdokter jaar in die Karl Bremer Hospitaal sou doen. Ek het akkommodasie in die Dokters kwartiere op die hospitaal perseel gekry vir 1971. Ek kon my intrek neem in my kamer op Donderdagmiddag 31 Desember. Mev Momsen was die matrone, bygestaan deur 'n kok en ander personeel verantwoordelik vir die skoonmaak van ons kamers. Die bruin vrou wat my kamer gediens het was Louisa.

Karl Bremer Hospitaal links, die Verpleegsterstehuis regs agter en die Dokters kwartiere regs vóór, in Bellville. Agter is Tafelberg in die wolke. Heel voor de ou Nasionale pad tussen Kaapstad en die Paarl.

In die styl van wat in 1956 gebou is, was dit nogal 'n groot kamer van so 3 x 4 meter, met 'n blokkiesvloer. Die kamer het 'n noord-oostelike venster gehad met 'n uitsig op die Nasionale pad, soos die N2 destyds bekend gestaan het. Die deel van Bellville noord van die Nasionale pad het nog nie bestaan nie en was onontwikkeld.

Meubels was maar karig. Net 'n bed met 'n hout koppenent en voetenent, met 'n bedkassie vir die telefoon. So ou groot swarte van bakeliet. Die klerekas was ingebou en in die hoek by die venster was 'n wasbak en spieel. Punt. Welkom in die dokters kwartiere. Jy is van môre af 'n "dokter" !

Daardie Oujaarsaand het ek saam met Hein Ferreira by sy ouers in die Voortrekkerkamp in die Strand gaan braai. Hy sou saam met my die volgende oggend by Karl Bremer Hospitaal aantree. Hy het steeds by sy ouers in 11de Laan, Boston, geloseer.

Dié aand loop ons een van ons dosente in Interne Geneeskunde, Dr Rosenstrauch, of algemeen bekend as ou Rosie, in die kamp raak. Hy is ywerig besig om te braai. Seker omdat ons skielik besef het ons nou êrens 'n bietjie ondersteuning moet kry, het ons met hom gaan gesels. Hy was baie vriendelik en het

net gesê hy dink dit sal die volgende dag met ons goed gaan. Die son was al aan die sak en ons het geweet as dit weer in Bellville opkom, is ons dokters !

Die volgende oggend agtuur het ons in die Superintendent, Dr Radie Kotzé se afdeling in die Raadsaal bymekaargekom. Hy was eintlik nou ons baas. Saam met hom ook al die hoofde of hulle verteenwoordigers van die kliniese departemente waar on werksaam sou wees.

Ek het reeds geweet dat ek die eerste ses maande in die Departement Interne Geneeskunde en die tweede ses maande in die Departement Chirurgie, met hulle onderafdelings, sou werk. Ons is gou ingelig in watter diensgroepe ons ingedeel is. Sommige van ons was net daar en dan "op spoed", die term wat gebruik is as jy op nooddiens is. Ek word toe nie in 'n algemene diensgroep by Interne Geneeskunde ingedeel nie, maar sou die volgende twee maande die huisdokter in die Harteenheid wees, soos dit toe bekend gestaan het. Dit was eintlik maar 'n klein Intensiewe Eenheid met drie beddens vir pasiënte wat hartaanvalle (miokardiale infarksies) gehad het. Om alles te kroon is Prof AJ Brink, hoof van die Departement Interne Geneeskunde en hoof van Kardiologie, die eenheid hoof. Gelukkig was hy nog op Klein Brakrivier met vakansie en kon ek eers my voete vind vóór dié intimiderende figuur sy opwagting gemaak het. Die Kliniese Assistente wat daar roteer het, behalwe hulle ander diensgroep verpligtinge, was Dr Mike Lewis, 'n baie gawe Engelsman, Dr Helmut Weich, met sy bry stem en 'n pediater wat in pediatriese kardiologie verder gespesialiseer het.

Nadat ek saam met hulle saalrondte gehou het en my pligte in die harteenheid afgehandel het, moes ek ook nog saam met die nuutgestigte Departement Gemeenskapsgeneeskunde werk, asook help by die Psigiatrie Buitepasiënte. Laasgenoemde het ek as 'n mors van tyd beskou en frustrerend gevind, aangesien dit 'n spesialis gebied was waarby ek nie gedink het huisdokters die kennis en ondervinding gehad het om 'n sinvolle bydrae te kon lewer nie. Intussen moes ek egter ten alle tye beskikbaar wees vir die pasiënte in die Harteenheid.

Die kommunikasie sisteem op daardie stadium het as volg gewerk: Die hoof telefonis, Piet, het die sentrale beheer. As iemand 'n dokter soek, bel hulle vir Piet by nommer 0. Dan saai hy of sy assistant vanaf agtuur in die oggend tot tienuur saans oor die publieke sisteem die dokter se naam so twee keer uit. "Dr Budgie van der Merwe…, Dr Budgie van der Merwe….!" Dan bel Dr Budgie van der Merwe die sentrale by nommer 0 en verneem wie soek hom, en skakel dan die interne nommer na die persoon wat hom soek soos deur die sentrale verskaf. So sal hulle jou in die dag in die week in die hospitaal in die hande kry. Na tienuur saans moes ek vir Piet of sy assistant sê waar ek is. Byvoorbeeld, in my kamer of by 'n vriend in die dokters kwartiere. Vir twee maande was ek gekluister aan die gronde van Karl Bremer Hospitaal. Ons het nie op daardie stadium sogenaamde "bleepers" gehad nie, praat nie eers van selfone nie !

Alhoewel dit soms frustrerend was, het ek tog baie lekker daar gewerk. Ek het 'n baie goeie verhouding en vertrouensposisie met die dokters en die verplegings personeel opgebou. Hulle was deurgaans ondersteunend en ek het baie daar geleer en selfvertroue opgebou. Ek het vroeg besef wat ek by ervare verpleegpersoneel kon leer.

Op Saterdagmiddag van 16 Januarie 1971 sou die wegspring plaasvind van die eerste Kaapstad na Rio (de Janeiro) seiljagvaart wedren. Dit was 'n groot okkasie in die Kaap en almal wou graag na dié skouspel gaan kyk. Ek het dit maar afgeskryf, want ek was aan diens ! Na die saalrondte die Saterdagoggend het Dr Mike Lewis aangebied dat hy vir my sou instaan indien ek na die wegspring wou

gaan kyk. Hy en sy vrou het kort tevore hulle eersteling gehad en hy het gesê hy wil in elk geval by hulle bly. Ek is hom tot vandag toe nog dank verskuldig vir sy gebaar. Dit was ‘n geleentheid wat ek nie sou wou misgeloop het nie.

Al die seiljagte het in Tafelbaai in ‘n afgebakende area rondgemaal. Om drieuur het die kanon van die SAS Tafelberg die wegspring skoot geskiet. Skielik het al die seiljagte in dieselfde rigting na Robbeneiland begin vaar, met die bolseile (spinnakers) wat bol in die Suid-Oostewind. Ons het hulle vir lank dopgehou totdat hulle oor die horison, op pad na Rio, verdwyn het.

Tydens die twee maande van my tyd in die Harteenheid, word ‘n man met die naam van Otto van Niekerk, met ‘n hartaanval opgeneem. Hy was plaaslik van Parow en in die eiendomsbedryf. Dit blyk toe dat hy, veral tydens die oorlogsjare, ‘n baie bekende WP rugbyspeler en regtervleuel op sy dae was. Die Suid Oostelike hoek van Nuweland staan nog by die baie ouer garde bekend as Otto van Niekerk se hoekie, waar hy baie drieë gedruk het. Hy was skynbaar tydens die oorlogsjare ongelukkig om nie ‘n geleentheid te gehad het om vir die Springbokke te kon gespeel het nie. Ek het hom en sy vrou leer ken as ‘n baie gawe en beskeie persone.

Ek het tot die einde van Februarie in die harteenheid gewerk. Daarna het ek vir vier maande in twee algemene diensgroepe in die departement Interne Geneeskunde gewerk. Alhoewel Interne Geneeskunde seker die basis van geneeskunde vorm, was ek nie mal oor daardie rigting nie, veral nie in ‘n hospitaal opset nie. Dinge het net te stadig gebeur. As huisdokters was ons in die buitepasiënte afdeling verantwoordelik vir die opvolg van pasiënte met chroniese toestande soos hipertensie, diabetes, rumatoïede artritis, ens. Dit was maar vervelig en sieldodend. Tydens ons spoed dae het ons pasiënte in ongevalle gesien wat na Interne Geneeskunde verwys is. Pasiënte met asma, beroertes, niersiektes, ens. Baie kon in ongevalle behandel word en is weer ontslaan. Ander moes gehospitaliseer word vir verdere ondersoeke en behandeling. Dit was die plig van die huisdokter om die verwysde pasiënt eerste te sien en te behandel. Dié wat moontlik toelating vereis het. moes dan deur die kliniese assistant (‘n dokter wat besig was om te spesialiseer) gesien word en hy of sy het dan besluit hoe die pasiënt verder hanteer moes word of toegelaat moes word vir verdere ondersoeke en behandeling in die hospitaal.

Na my kluistering aan die Harteenheid, kon ek darem weer ‘n bietjie begin rondbeweeg as ek nie aan diens was nie. Ek het nog al my mediese boeke gehad wat ek in ses jaar bymekaar gemaak het, asook aantekening boeke, ens. Ek het nie plek gehad om hulle iewers te pak nie. Regs van die deur van my kamer na die gang was ‘n muur van sowat 1,2 meter breed. ‘n Ideale plek vir ‘n boekrak, met twee kassies onder. Ek meet en ontwerp vir my ‘n boekrak, wat mooi daar sal pas. In Voortrekkerweg in Parow, was daar ‘n fabriek wat kaste gemaak het. Ek meld by ontvangs aan en wys my sketsplan vir die persoon by ontvangs. “Ja sê hy, hulle sal dit kan maak”. Ek verneem hoeveel dit sal kos ? Hy vra toe hoeveel ek wil laat maak ? “50 of 100 ?” “Nee,” sê ek, “net 1 !” “Nee”, sê hy, “hulle doen net massa bestellings !” “O”, sê ek, en ek dink hy sien die teleurstelling in my oë ! “Wag,” sê hy. “Hier is ‘n ou hieragter wat dalk sal belangstel om vir jou die joppie by sy huis te doen”. Hy laat hom roep. Dit is ‘n mnr Scannel, wat by sy ouers in Broadwaystraat naby Karl Bremer Hospitaal woon. Ons kom ooreen en hy maak vir my boekrak en lewer hom ook sommer af ook. Hy pas perfek en ek kan my boeke inpak.

(‘n Na storie oor hierdie boekrak: Dié boekrak het lank saam met my en later saam met ons gesin rondgetrek. Op ‘n stadium was dit in die meisies se kamer en later in Johann se kamer. Toe Johann privaat losies op Stellenbosch gekry het, is die boekrak soontoe, maar daar het ons hom verloor. Ek het

altyd die van, Scannel, onthou. Toe Hennie Heÿl op Stellenbosch begin werk het, ontmoet ek ‘n senior kollega van hom, Jan Scannel, wat later Voorsitter van Distell geword het, een dag by sy huis. Die ou wat my boekrak gemaak het, was Jan Scannel se broer. Jan Scannel se seun, ook Jan Scannel, is Jan Braai, wat vir ons erfenis braai ! Hennie is ongelukkig verlede jaar in in Oktober 2017 oorlede en op sy begrafnisdiens loop en Jan Scannel Snr en Jnr raak, en vertel hulle die storie van my boekrak van 1971 !)

In Maart en April het ek saam met Dr Steve Spilken as kliniese assistant gewerk, met Dr Ottie Bock as konsultant. In Mei en Junie met Dr Jan Lochner en Dr Dennis Derman as kliniese assistente, met Drs Bok Wasserman en Stokkies Stockenström as konsultante. Tydens my huis dokterskap moes ons die daaglikse versorging van die binnepasiënte hanteer, reël vir spesiale ondersoeke, waarvan baie bloedondersoeke, waarvoor bloed getrek moes word, asook ander kleiner diagnostiese prosedures, soos lumbaal- en beenmurg punksies, wat ons moes doen.

Alhoewel Interne Geneeskunde nie my gunsteling vakgebied was nie, het ek baie geleer in die ses maande by die Interne Geneeskunde departement. Ek het al hoe meer besef ek leer baie beter by die pasiënt se bed kant en oor hulle toestande en die hantering daarvan, as in elle lange rits teoretiese kennis in boeke oor toestande en hantering en behandeling. Daar was ook nooit die swaard oor jou kop van ‘n eksamen wat voorgelê het nie. Die lewe was net anders en lekker ! As jy af was kon jy iets doen wat lekker was. Soos Prof Willie van Niekerk gesê het, het jy as huisdokter diplomatieke immuniteit gehad oor akademiese vrae wat aan die kliniese assistente en voorgraadse studente op saalrondtes gestel is ! Jy het voorlopig jou beurt gehad.

In die tweede semester het ek deur die Departement Chirurgie se diensgroepe geroteer. Die eerste paar weke was Dr Seunie Bouwer (ek het onlangs eers verneem sy voornaam is Ernst) my kliniese assistant en Dr JH (Koos) Heydenrych die konsultant. Laasgenoemde het in Engeland gaan spesialiseer en was baie lief om Engels te praat, alhoewel hy van Vredendal se wêreld gekom het en daar net as Koos Heydenrych bekend was. Hy was baie eksentriek en het vir my en Dr Bouwer baie frustreer deur laat in die oggende op te daag. Ons was telkens al halfpad deur ons saalrondtes, wanneer ons oor die interkom hoor: “Dr Seunie Bouwer…, Dr Seunie Bouwer… !” Dan wil hy weet waar ons is en wil weer van vóór met die saalrondte begin om sy meerdere kennis met ons te deel ! Intussen het ek al ‘n lang lys van werk gehad wat ek ná die saalrondte moes begin doen !

Vir ‘n rukkie het ek ook op die diensgroep gewerk wat Vrydae op spoed was. Dr Wilhelm Smit was die kliniese assistant, en Dr Speedy Hofmann, wat in 'n privaat praktyk was en op sessie basis by die Departement Chirurgie betrokke was, was die konsultant. Hy het in die Suidelike voorstede gewoon en het dan ook teen negeuur op ‘n Saterdagoggend by die hospitaal opgedaag om die pasiënte, wat toegelaat is, te sien. Dit ná jy as huisdokter gewoonlik op ‘n Vrydagnag hard gewerk het in ongevalle met kleiner trauma gevalle, soos die inplaas van onderwater dreinering buise vir steekwonde met ’n hemotoraks, ens. Daar het gewoonlik nog baie opruimingswerk vir jou voorgelê op ‘n Saterdagoggend en nou wil ou Speedy ook ‘n eiertjie kom lê ! Die frustrasie van ‘n huisdokter !

Een aand in die week op spoed saam met Dr Seunie Bouwer, sien ek ‘n pasiënt met ‘n akute buikpyn, wat deur die ongevalle beampte na chirurgie verwys is. ‘n Staande buikoorsigs X-straalfoto was reeds geneem, wat lug onder die diafragma aangetoon het. Uit die pasiënt se geskiedenis het dit geblyk dat hy skielik hierdie akute buikpyn ondervind het. Alles het gedui op ‘n geperforeerde duodenale ulkus en die pasiënt moes teater toe geneem word vir ‘n laparotomie. (Die oopmaak van die anterior buikwand om die diagnose te bevestig en die perforasie af te sluit.). Ek het die nodige reëlings getref vir toelating

van die pasiënt en Dr Bouwer laat weet die teater is bespreek vir negeuur die aand. Ek het intussen voortgegaan met ander werk en so bietjie na negeuur teater toe gegaan. Daar is ek ingewag deur ‘n verpleegster wat in die teater gewerk het as vloer verpleegster en op nagdiens was. “Toe, toe” sê sy, “ons wag net vir jou !” Dit blyk toe dat Sr Blikkies, wat die teater skropsuster aan diens was, die vorige dag ‘n bietjie te veel van die bottel ingeneem het en nie bekwaam genoeg was om die operasie te hanteer nie. Dit was die goeie ou dae toe die personeel mekaar nog goed geken het en deernis gehad het vir mekaar se probleme en vir mekaar opgekom het. Toe Dr Bouwer van dié situasie verneem het, besluit hy egter hy dat die vloer verpleegster hom kan help en sý moet die operasie tafel neem ! Tussen hulle twee het hulle die nodige instrumente in die outoklaaf gesit en gesteriliseer. Die verpleegster het toe vir Dr Bouwer aangetrek ,nadat hy opgeskrop het en wag toe vir my, wat sy ook moes aantrek, nadat ek opgeskrop het. ‘n Ander verpleegster sou haar dan aantrek, na sy geskrop het. Na ons nou ons plekke ingeneem het om die operasietafel, vra Dr Bouwer vir dié verpleegster: “Nursie Vercuiel, ken jy dr Pierre de Wet ?” Ek dink sy het gesê sy het al oor die interkom gehoor, hulle roep “ “Dr Pierrie de Wet, Dr Pierrie de Wet”, maar dat sy my nog nie ontmoet nie. Ons het toe almal operasie maskers en teater hoede aan, so ek sien net hierdie meisie met die mooi groen-blou oë. Alles het goed gegaan want Dr Bouwer het geduldig met sy stadige manier van praat en sy sagte stem vir haar die nodige instrumente gevra en gewys wat hy wil hê. Sy het een of twee keer die naald verkeerd in die naalde voerder gelaai, tot vermaak van ‘n vriend van my, Ian du Plessis, wat saam met my in Wilgenhof was en toe in sy vyfdejaar was. Ek het gesien sy het haar nogal hieroor vererg. Sy is by die diep kant ingegooi, en nou hou hierdie mediese student hom nog slim ! Omdat daar in so ‘n opleidingshospitaal ‘n gedurige rotasie van personeel is en sy toe op nagdiens was, het ek nie weer vir verpleegster Vercuiel in die teater gesien nie.

In Augustus daardie jaar het my oud koshuis, Wilgenhof, hulle huisdans in die Parow stadsaal gehou. My broer Francois was nog in Wilgenhof en Charl ook op Stellenbosch, asook ander vriende wat ek nog daar geken het. Hennie Heyl het op Stellenbosch begin werk en Makriel de Villiers, my oud kamermaat, was terug van Engeland en het in die Kaap begin werk en in Durbanville geloseer. Almal het besluit ons moet as oumanne dié dans bywoon vir 'n soort van reünie. Meeste, behalwe ek, het ook al vaste meisies gehad. Dit laat my toe met die “ongemaklike” situasie dat ek nou weer ‘n meisie moet vra vir die dans. Ek onthou toe van die “kwaai” verpleegster met die mooi groen-blou oë en wat my aangepraat het omdat ek laat was vir “haar” operasie. Na ‘n bietjie speurwerk vind ek uit sy werk toe by die Buitepasiënte afdeling. Ek spoor haar op en vra haar of sy met iemand uitgaan, want ek sou haar graag wil nooi om saam met my na my oud koshuis se dans in Parow se stadsaal te gaan. Haar naam was Johanna Vercuiel. “Nee, sy gaan nie met iemand uit nie” (jok sy, soos ek later sou uitvind) en “Ja, sy sal graag saam gaan dans. Sy is baie lief vir dans" ! Ek is baie bly dat ek ‘n “partner” vir die dans het en sy reël ook sommer oor die telefoon met haar ma op die plaas naby Piketberg, om vir haar ‘n rok te maak vir die okkasie en dit aan haar te pos. Haar ma was ‘n bedrewe naaldwerkster wat sommer haar mates en 'n patroon in haar kop gehad het.

Die aand toe ek haar by die Verpleegsterstehuis gaan haal, maak ek my naam krater. Ek het gevra dat hulle haar moet roep en ek wag…, en ek wag…, maar sien haar glad nie ! Ek het net begin dink sy het koue voete gekry, toe staan hierdie meisie met lang hare voor my in ‘n pragtige fluweel aandrok. Ek moes mooi kyk, maar besef toe dit is tog sy. “Haai”, sê ek, “jy het dan hare !” Tot op daardie stadium het ek haar nog net met ‘n teater hoed en ‘n verpleegster kappie, wat die verpleegsters destyds gedra het, gesien. En toe sê ek so ‘n stupid ding, waarmee sy my nou nog spot !

Ons eerste afspraak by die Wilgenhof huisdans

Ek kan nie veel van die dans onthou nie, behalwe dat my broers en vriende baie beïndruk was met dié meisie wat ek saam genooi het en almal met haar gedans het. Na die dans het ek almal van ons groep genooi vir 'n "after party" in my kamer in die huisdokters kwartiere, wat daar naby was. Ons het almal lekker gekuier in my kamer, wat toe al beter ingerig was as toe ek daar ingetrek het. Ek het intussen vir my die boekrak vir my boeke laat maak, 'n 6 voet by 6 voet mosterd kleurige mat aangeskaf en 'n lessenaar by Alwarvo se meubelwinkel gekoop toe hulle ondergegaan het. Die lessenaar was een van hulle verkoopsmanne s'n, wat ek vir R36,00 gekoop het, nadat hulle dit weer vernis het en kom aflewer het. Ek het toe ook al 'n platespeler, 'n versterker en twee Worfdale speakers gehad.

Ons het so lekker gekuier dat ons nie mooi tred gehou het met die tyd nie. Johanna moes as tweedejaar verpleegster middernag weer in die Verpleegsterstehuis wees. Ons maak toe 'n ander plan. Sy kon bel en sê dat sy nie daardie aand sou inkom nie. Nadat almal huis toe is, het sy in my kamer geslaap. Ek het haar gou gaan wys waar die dames se badkamer is en sy het haar toe in my kamer toegesluit ! Sy het die aand van ons eerste "date" in my bed geslaap ! Ek was egter nie ook daar nie ! Ek het saam met Makriel by sy ouma in Kuilsrivier gaan slaap.

Ek moes die volgende oggend gaan saalrondte doen, maar het reeds halfagt die oggend vir Johanna uit my kamer gaan bevry en haar met haar aandrok Verpleegsterstehuis toe geneem. Sy het skynbaar op 'n stadium later besef sy het iets in my kamer vergeet en die sentrale gebel en gevra om na my kamer deurgesit te word. Ek was egter nog in die hospitaal, maar Louisa, die skoonmaakster, was toe reeds daar. Toe sy vra of sy met my kan praat het Louisa as volg geantwoord: "Dame, ek weet nie waar dr de Wet is nie. Hy is vanmôre vroeg hier weg met 'n meisie in 'n aandrok. Wat laas nag hier gebeur het, kan ek ook nie sê, nie, want hier staan net leë wynbottels en glase in sy kamer rond. So ken ek hom nie ! Sy kamer is darem gewoonlik altyd netjies" Kliek !



Johanna met haar lang hare !

Deel van die rotasie by die Chirurgie Departement was ‘n paar weke elk by Ortopedie, Urologie en Neuro-chirurgie. Ek het nogal van Ortopedie gehou, want dit was ‘n baie praktiese vakgebied. Ek het daarvan gehou om gipsverbande aan te sit en het gepoog om dit so netjies moontlik te doen. Daardie jare was inter medullêre penne vir femur frakture nog nie beskikbaar nie en as huisdokters was dit ons plig om daardie pasiënte se femur frakture in traksie te plaas. Gelukkig vir die pasiënte was daar ‘n baie bekwame ortopediese suster, wat die volgende dag al ons knoeiwerk kom regmaak het !

Alhoewel die oortrek na Tygerberg Hospitaal vanaf die tweede helfte van 1972 oor ‘n tydperk van 3 jaar infaseer sou word, het daar skielik konstruksiewerk aan die parkeerterrein vóór die Karl Bremer Hospitaal begin. Ons het vermoed die behoefte daarvoor was reeds ‘n paar jaar tevore, maar soos dit met begrotings en tenders gaan, het dié werk amper te laat begin. Vanaf die groot vensters aan die oostekant van die hospitaal was daar ‘n goeie uitsig op hierdie bedrywighede.

Tydens ‘n saalrondte met Dr Paddy Bell, hoof van Ortopedie, in die mans chirurgie saal 2B, het hy vir ‘n rukkie na ‘n operateur van ‘n stootskraper, met sulke groot wiele wat op en af geskud het, staan en kyk. Hy was ‘n Skot maar het Afrikaans leer praat en dit ook graag gepraat. Na ‘n ruk merk hy op : “Ek wonder hoe gaan daardie kêrel se werwelkolom dit ooit hou ?”

Die volgende week skuif ek toe na Urologie. Tydens ‘n saalrondte met die voltydse Urologie konsultant, Dr Rikus Schoonees, bevind ons ons weer in Saal 2B, waar die mans urologie pasiënte ook was. Op ‘n stadium het hy na dieselfde operateur staan en kyk en gesê: “Ek wonder hoe gaan daardie kêrel se niere dit ooit hou !”

Die volgende episode saam met Johanna het ek reeds van vertel in my hoofstuk oor Saasveld in die eerste deel van My Reise na Gister. Omdat ek dit self geskryf het en ek dink dit ook hier pas, gaan ek teen myself plagiaat pleeg en dit ook hier herhaal !

Gedurende 1971 tydens my huisdokter jaar (internskap) by Karl Bremer Hospitaal het ek maar min by die huis op Saasveld gekom. In die tweede helfte van daardie jaar het ek vir Johanna Vercuiel in die Karl Bremer Teater tydens nagdiens ontmoet. Ek het haar ‘n rukkie later saamgenooi na ’n Wilgenhof dans,

wat daar naby in Parow se stadsaal gehou is. ‘n Paar weke later het ek aangebied om Andra se Renault R10 Gordini op George te gaan haal, waar dit vir herstelwerk was. Francois was besig met eksamens op Stellenbosch en ek wou sommer weer by my ouers gaan kuier. Ek sou George toe vlieg met Cape Air, wat toe nog van Dakotas op dié roete gebruik gemaak het. Ek en Johanna het al weer ‘n paar keer na die dans uitgegaan en ek het haar ook aan vriende soos Dolf en Gail Bührmann, wat reeds getroud was, voorgestel. Ek kry toe die idee om Johanna saam te nooi om die kar te gaan haal en dan hoef ek ook nie alleen met die kar terug te ry nie. Sy het die uitnodiging aanvaar en ons het ‘n Saterdagoggend George toe gevlieg. My vriend en kollega, Hein Ferreira, het ons lughawe toe geneem. Daar was ‘n sameloop van drie dinge op daardie dag ! Eerstens het ek die vorige Vrydag en -nag deurgewerk op Ortopedie spoeddiens en het daardie nag niks geslaap nie. Tweedens was dit bewolk en reënerig en daar was eers twyfel of ons wel sou kon opstyg. Derdens het Johanna nog nooit met ‘n vliegtuig gevlieg nie en het seker onder die omstandighede gewonder waarin sy haar nou begewe het ! Haar eerste vlug sou ook met ’n Dakota wees, soos myne 15 jaar vroeër in 1956. Uiteindelik het die weer opgeklaar en ons is daar weg. Ek weet nie baie van die vlug nie, want ek het skynbaar aan die slaap geraak. Sy was maar bang maar het my skynbaar nog nie goed genoeg geken om aan my vas te hou nie ! Sy was ook lugsiek en die lugwaardin het nie ‘n goeie indruk van my gehad, wat sit en slaap het en nie die meisie saam met hom in haar uur van angs ondersteun het nie ! Ons het nog op die ou George Vliegveld naby Heatherlands geland. My pa was daar met sy swart Mercedes Benz. Ons is toe Saasveld toe. Ons het tee gedrink en ek het gevra of ek nog ‘n bietjie kan gaan slaap. Uit blote belangstelling het my pa, soos dit sy aard was, vir Johanna toe uitgevra oor waar sy vandaan kom en wat haar ouers doen, ens. Ongelukkig was dit vir haar ‘n beproewing want al wat sy toe skynbaar van my pa geweet het was dat hy voorheen in die “Parlement” was ! En ek lê wéér en snork in haar tweede uur van beproewing. My ma kon nie eintlik iets sê nie en kyk net vir Johanna. Ek moet sê ek het eers later van hierdie oomblikke van foltering verneem !

Ons is die volgende môre met Andra se motor Stellenbosch toe. Baie jare later het Johanna my vertel dat sy haar boeglam geskrik het toe my ma, vóór ons gery het, haar eenkant toe geneem het en baie ernstig aan haar gevra het “ Jy.....Pierre.....trou ?” Op haar antwoord “Tannie, ék wéét nie !” het my ma haar kop op en af geskud en glo gesê: “JA, trou !”

Die laaste twee maande van my huis dokterskap by chirurgie het ek gewerk saam met Dr Vic Bongers, wat toe al ‘n senior kliniese assistant was. Die onmiddellike konsultant was Dr Hannes Groenewald, wat toe pas van Amerika teruggekeer het na verdere studie. Beide van hulle se geaardhede was tipies dié van ‘n chirurg. Hoe meer hulle kon opereer, hoe beter ! Die finale jaar geneeskunde studente se eksamens het in November plaasgevind en baie chirurgiese pasiënte is in die week tydens die kort gevalle en mondelings eksamens toegelaat. Ons huisdokters het ook nie meer die hulp van sesde jaar studente gehad nie en ons was nogal besig. Na die eksamens moes al hierdie pasiënte uit die aard van die saak geopereer word. Ek onthou ons het baie tiroïedektomies gedoen. Almal lekker vaskulêr en bloeierig, soos die studente die tiroïede pap gedruk het.

Daarna het dit rustiger geraak en het ek ook die geleentheid gehad om ‘n paar kleiner chirurgie prosedures saam met Vic Bongers te doen.

My laaste spoed naweek op chirurgie was op Saterdag 25 en Sondag 26 Desember 1971. Omdat ek ook op die diensgroep gewerk het wat op Maandae gespoed het, was die tafel dus gedek vir 3 dae van spoed

oor die Kersnaweek en daarna. Ek het Vrydag 24 Desember vir Makriel en sy familie op Stanfordsbaai gaan kuier, maar moes vroegerig Vrydagaand terug keer vir die naweek se spoed.

Sommer vroeg die Saterdag op Kersdag was daar al verwysings en die naweek het met ‘n “bang” begin. In die hospitaal self was daar ‘n vrolike stemming.

Al die sale was opgemaak met Kersversierings en van die verpleegsters het Kersliedere gesing. Almal was opgewonde, behalwe ek wat net moeilikheid gehad het in ongevalle en ook in die teater saam met Vic Bongers.

Ek onthou dat ek laat Dinsdagoggend in die bed gekom het. Ek was tot agtuur Dinsdagoggend op spoed. Halfagt die oggend bel ongevalle om te sê daar is ‘n verwysing van ‘n pasiënt met akute appendisitis (blindedermontsteking). My vriend deur al die jare van ons eerstejaar, Rocco de Villiers, sou agtuur begin spoed. Hy het die hele naweek afgehad en nie veel die Maandag te doen gehad nie. Ek bel hom en sê ek is na drie dae van min slaap vodde. Wil hy nie asseblief agtuur die pasiënt gaan sien nie. Miskien kry hy kans om die appendisektomie te doen ! Sekerlik sê hy en ek staan op om my sale te gaan opruim na die naweek se toelatings. Tienuur bel Rocco. Sy kliniese assistant het die pasiënt kom sien en merk op die verwysing was vóór agtuur en weier summier om die pasiënt te sien. Ek sal maar nie sy naam noem nie, maar dit sou later ook blyk dat hy nou maar net daardie soort mens is met wie jy liewer nie mee wil assosieer nie. Ons het toe maar die pasiënt toegelaat en ek het toe darem die appendisektomie gedoen !

In my huisdokter jaar was ek die rykste ooit ! My akkommodasie, wat etes en wasgoed ingesluit het het R37.00 per maand beloop. Ek het baie meer verdien as wat ek ooit uitgegee het.

My Renault R10 was aan die einde van 1971 vier jaar oud. Daardie jare was die bakwerk van motors nie wat dit vandag is nie. Ek het begin uitkyk vir iets beter. Op daardie stadium was ‘n Triumph 2000 baie gewild, met “overdrive” in sy 3e en 4e ratte, wat jy elektries kon aktiveer, asook met houtinsetsels in die “dashboard”. “Die arm man se Jag !” Toe koop ek ‘n ligbloue en betaal dit in ses maande af ! Ek het later by Johanna verneem dat ek, kort na ek dié motor gekoop het, ek in die parkeerarea buite die ongevalle afdeling parkeer het. Estelle de Klerk, een van haar kollegas, het my uit een van die sale gesien en Johanna gou gaan roep om haar van dié nuwe verwikkeling in my lewe te vertel. Terwyl hulle my dopgehou het, het ek die motor se deur toegemaak, ‘n entjie weggestap, maar teruggedraai en goedkeurend teruggekyk na wat ek nou gekoop het !

Al my vriende en kollegas het ook baie van Johanna gehou en nie ‘n geleentheid laat verbygaan oor hoe oulik hulle dink sy is nie ! Veral Dolf en Gail Bührmann. Ek het nie gedink hulle strategie was baie goed nie, want dit het waarskynlik net die teenoorgestelde effek op my gehad. Ek wou self besluit wat mý gevoelens vir Johanna was. Rocco en Annemarie het my ook in Desember een aand vir ete genooi en toe ek daar kom, vind ek dat hulle vir Johanna ook genooi het. Ons het lekker saam gekuier die aand en toe ons loop het ek aangebied om Johanna na die Verpleegsterstehuis toe te neem. Rocco het egter geweier en haar self huis toe geneem !

In Desember het Johanna my darem vergesel na my broer Francois en Andra de Ridder se troue, asook dié van Francois se kamermaat, Deon van Zyl en sy verloofde, Jeanette Hill.

MEDIESE BEAMPTE **1972**

Omdat ek graag ‘n huis dokterskap in al drie die hoofrigtings van geneeskunde, naamlik Interne Geneeskunde, Chirurgie en Verloskunde en Ginekologie, sowel as in Narkose as mediese beampte wou werk, vóór ek my in ‘n algemene praktyk begewe, het ek aansoek gedoen vir poste as mediese beampte in Verloskunde en Ginekologie in die eerste helfte van 1972 en Anestesiologie (Narkose) in die tweede helfte van daardie jaar. Ek kon egter nie langer in die dokters kwartiere bly nie, aangesien huisdokters voorkeur gekry het vir akkommodasie daar. Gelukkig kon ek en Hein Ferreira ‘n kollega se huur woonstel vir die eerste 6 maande in Darinahof 12 in 12e Laan, Boston huur, voor hy in Julie 1972 sou terugkeer van Oos Londen vir spesialisasie in Tygerberg Hospitaal. Ons vriend Rocco de Villiers en sy vrou, Annemarie, het tydens Rocco se huisdokter jaar in 1971, in daardie woonstel gebly.

Op Saterdag 1 Januarie 1972 het ek by Ginekologie ingeval en sommer die eerste dag gespoed. Behalwe Hein Odendaal en Eugene Marais, wat die senior kliniese assistente was, was meeste van die ander kliniese assistente nog redelik junior en het meeste die vorige jaar hulle primêre eksamen vir die MMed (O en G) geslaag , behalwe Frans Grobler, wat ‘n ervare algemene praktisyn in Sasolburg was en Tom Burger, wat lank in die Suid-Rand Hospitaal in Ginekologie en Verloskunde gewerk het en eers later in 1971 by die departement aangesluit het. Hulle was ‘n aangename groep dokters met wie ek baie lekker saamgewerk het.

Ek en Johanna was nie op daardie stadium in ‘n vaste verhouding nie en met die aanpassing in die nuwe werksomstandighede het ek haar vir een of ander rede nie so baie gesien nie. Ek het later egter, soos ek seker naïef met meisies was, nie besef dat sy meer van ons vriendskap op daardie stadium verwag het nie ! Na so drie weke by Verloskunde en Ginekologie, moes ek vir ‘n maand in die Paarl Hospitaal se Verloskunde en Ginekologie afdeling gaan werk. Daardie afdeling is deur Professor Willie van Niekerk oorgeneem as uitbreiding van die opleidings platform vir sy kliniese assistente en mediese studente in Verloskunde en Ginekologie. Ons was twee huisdokters wat daar op ‘n rotasie saamgewerk het. Een bedags by Ginekologie en een by Verloskunde. Na vyf in die middag kon een huis toe gaan en die ander het ingeslaap om kraam en ginekologiese noodgevalle te hanteer. Nie dat daar baie van slaap gekom het nie. Dit het dus in die praktyk beteken dat jy in 48 uur vir 33 uur aan diens was en dan vir 15 uur af. In daardie 15 uur wou jy meeste van die tyd net gaan slaap en was nie baie lus vir uitgaan nie. Ek was en is ook steeds ‘n slegte beller, dit is nou met ‘n telefoon ! Al hierdie omstandighede het gemaak dat ek bietjie “kontak verloor” het met Johanna. Toe ek haar een aand by die Kaapse Skou vroeg in Maart sien saam met haar vriendinne, was sy maar koel teenoor my. Ek het baie van haar gehou, maar was nog onseker of ek werklik verlief op haar was.

Sy het ook aandag begin gee aan ene Stoffel Fourie, ‘n vierdejaar mediese student, wat toevallig ook van sy kraam opleiding in die Paarl gedoen het toe ek daar gewerk het.

Hennie Heÿl en Martie de Villiers, Makriel se suster, is in Maart 1972 getroud en ek het van die Paarl Stellenbosch toe gekom vir die troue. Ek het vir Johanna genooi om my te vergesel en Gail Bührmann het haar ‘n geleentheid van Bellville na Stellenbosch en terug gegee. Gail het later my kop gewas omdat ek so stadig en slapgat is om nie meer moeite met Johanna te maak nie ! Maar soos ek gesê het, was ek nog onseker oor hoe ernstig my gevoelens vir haar was. Ek het na my teleurstelling aan die einde van 1965 wel weer met ‘n paar meisies uitgegaan, maar dit was net nie weer vir my tot op daardie stadium dieselfde nie !

Gelukkig het Eddie Schutte kom kuier in die Kaap. Hy was toe ‘n aanklaer in Natal, maar het sy femur (bobeen) gebreek in ‘n motorongeluk en was lank in traksie in die Addington hospitaal in Durban. Hy was nog aan die heel word, maar kon weer motor bestuur en het vir ons in die Kaap kom kuier. Hy vra my toe uit oor Johanna en wat van haar geword het. Ek vertel hom toe dat ek maar ongewild by haar was weens my werksomstandighede ! Net daar, tienuur in die aand in die National Hotel in Voortrekkerstraat, maak hy my hom neem na Johanna se woonstel in Bremerhof, wat sy vanaf haar derdejaar met drie van haar verpleegster vriendinne gedeel het. Nadat sy die deur oopgemaak het, is hy daar weg en ek en Johanna kon weer so bietjie gesels !

As huisdokter in Verloskunde by Karl Bremer het ons in een van net drie diensgroepe gewerk. Ons was dus elke derde dag, insluitende Saterdae, op kraamsaal diens en was dan verantwoordelik vir die sogenaamde meer gekompliseerde verlossings, soos tang- en suier verlossings. Normale bevallings is deur die vroedvroue in opleiding bedags en die mediese studente snags, onder leiding van die opgeleide kraam susters (vroedvroue) hanteer. Die ander twee dae het ons die voor- en nageboorte klinieke saam met die kliniese assistant hanteer. Elke derde Sondag was jy ook in die kraamsaal aan diens. Ons het ook roteer by die Distrikskraamdiens. Daardie tyd het baie pasiënte in die gebied wat Karl Bremer Hospitaal dreineer het, tuis gekraam. Hierdie bevallings is behartig deur senior kraam susters, wat met Landrovers met ‘n bestuurder, na die pasiënte se huise gegaan het. Pasiënte se huislike omstandighede is vóór hulle bevalling goedgekeur en hulle is vooraf volledig ingelig oor wat alles beskikbaar moes wees. Die vroedvroue het dan die nodige toerusting saamgebring vir die bevalling. Soms is daar tydens die eerste stadium van kraam, weens ‘n komplikasie, besluit dat die pasiënt eerder na die kraamsaal in die hospitaal gebring moes word en is ‘n spesiaal ingerigte Landrover, “Die Ooievaar” ontbied om die pasiënt te kom haal ! Alle pasiënte wat gekeur was vir tuisbevallings se voorgeboorte- en nageboorte ondersoeke het ook in die distriksklinieke plaasgevind, wat behartig is deur die Vroedvroue van die Distrikskraamdiens, bygestaan deur die huisdokters.

Later is ‘n karavaan, wat volledig ingerig is in ‘n mobiele kraamsaal waarin bevallings hanteer kon word. Die karavaan is in die omgewing van die pasiënt se huis geparkeer vir die bevalling, waar die huisdokter ook instrument verlossings kon behartig, indien nodig.

‘n Nuwe verwikkeling in die kraamsaal in 1972 was die die eerste kardiotokograaf wat in gebruik geneem is ! Dit was ‘n apparaat wat die pasiënt in kraam se uteriene kontraksies kon moniteer, asook die effek wat elke kontraksie op die fetale hartspoed gehad het. Voorheen moes student vroedvroue en studente klinies die pasiënt se uteriene kontraksies waarneem en die fetale hartspoed met ‘n fetale stetoskoop beluister. Aanvanklik was daar net een so ‘n kardiotokograaf en slegs die kliniese assistant mag dit hanteer het en is net by hoër risiko verloskunde pasiënte gebruik. Later toe ons getrek het Tygerberg Hospitaal toe, is elke kraambed met so ‘n apparaat toegerus. Soos almal aan hierdie nuwe tegnologie gewoond geraak het, was dit later die finalejaar mediese studente se plig om die kardiotokograaf op te stel !

Alhoewel dit ‘n groot hulp was, is ons dikwels ook maar onder groot druk geplaas deur die verpleging staf, wat in die begin alle onheilspellende dinge op die registreede kardiotokogramme raakgesien het !

Omdat ek en my woonstelmaat, Hein Ferreira, net die eerste ses maande in ons woonstel kon aanbly, was beide van ons dringend opsoek na ander akkommodasie vir die tweede helfte van 1972. Ons vriend, Ian du Plessis, (die een wat vir Johanna gelag het tydens die operasie vir die geperforeerde duodenale ulkus) en wat aan die einde van sy vyfdejaar getroud is, het in Sidvalehof gebly, ‘n woonstelblok naby Karl Bremer Hospitaal en Tygerberg Hospitaal. Ons het beide vir hom gevra om ons te laat weet as daar ‘n opening in daardie woonstelblok is. Ek was besig in die Verloskunde voorgeboortekliniek, toe Ian vir Hein kom soek het, wat hom eerste genader het oor Sidvalehof. Hein was toe met verlof, saam met sy verloofde en nie beskikbaar nie en ons weet ook nie waar om hulle in die hande te kry nie. Ian sê toe die Jood, wie die eienaar van die woonstelblok is, gaan die woonstel toeken aan die eerste persoon wat sy deposito in die vorm van ‘n maand se huur vooruit neersit en dit ook dadelik moes neem. Dit was ‘n vier vertrek woonstel met een slaapkamer, ‘n sit-eetkamer, kombuis en badkamer presies wat ek wou hê. Ek neem toe maar die woonstel, anders sou dit in elk geval aan iemand anders toegeken gewees het. (Hein was eers ongelukkig hieroor, maar hy het gelukkig toe vir hom en sy verloofde ‘n beter tweeslaapkamer woonstel daar naby gekry !)

As ek reg onthou was dit so teen die einde van Mei 1972 en ek moes die woonstel vanaf Junie reeds huur. Ek erf toe ook die persoon wat die woonstel vir die vorige huurder een keer per week skoongemaak het. Haar naam was Lilly, en sy het by die nuwe Louis Leipoldt privaat hospitaal daar naby in die kombuis gewerk. Sy was later baie verontwaardig dat my musieksentrum op planke en bakstene in my sitkamer staan ! Volgens haar het dit nie voldoen aan die standaarde van ‘n “dokter”, soos sy dit vir my verduidelik het nie !

Vóór ek daar wou intrek wou ek eers die woonstel mooi netjies maak. Ek het al die vorige eienaar se portret spykers uitgetrek en opgevul met “Polyfilla”. Ek gaan vra toe vir Johanna of sy saam met my sal kom een aand as ek die woonstel uitverf. Toe is sy hardekwas en wil nie saamkom nie. Toe het ek dit maar oor ‘n paar aande alleen gaan doen.

Een Saterdagmiddag in Junie, terwyl ek besig was om my goed op te pak in Darinahof vir my trek na my nuwe woonstel, kry ek ‘n telefoonoproep van Johanna uit Karl Bremer Hospitaal. “Wat doen jy ?”, vra sy. “Ek pak my goed in vir my trek na Sidvalehof”, sê ek. “O”, sê sy, “Ek werk ‘n “een-vier”, (dit beteken

sy is tussen eenuur en vieruur af), sê sy. “O”, sê ek, “en wat daarvan”. “Nee”, sê sy, “sy het gewonder of ek haar sal kom oplaai sodat ons ‘n entjie kan gaan ry !” “O”, sê ek, “ek sal dit doen, waarheen wil jy gaan ry ?” Toe ry ons maar na Bloubergstrand en toe laat vaar ons die skietstilstand, ons soen en toe en toe kon ons weer meer ernstig aangaan ! Hoekom maak meisies dit altyd so moeilik vir ouens ? Sy moes seker intussen onthou het my ma het gesê sy moet nog met my trou !

Johanna (in die middel) as Verpleegster in 1972

Ek was daarna vir ‘n naweek huis toe na Saasveld en het toe by ‘n bekende juwelier op George, D’Amato, ‘n kys ring gekoop. Sy was nogal ingenome met dié idee, alhoewel ek vir baie lank daarna moes hoor hoe ek net weggeraak het en daar nie telefone in die Paarl was nie !

Aan die einde van Junie het ek so twee weke verlof gehad en het vir Francois en Andra in Pretoria gaan kuier. Ek het weer vir die meisie van na my Vloot jaar en gedurende my eerstejaar op Stellenbosch, gaan kuier. Sy het my toe vertel dat sy reeds verloof was en vroeg in Augustus sou trou. Ek het haar ook vertel dat ek en Johanna beplan om binnekort verloof te raak en aan die einde van daardie jaar sou trou.

Deel van die plan was egter om Makriel de Villiers en May van der Merwe se troue op Sasolburg by te woon. Makriel het in die Kaap gewerk en moes per motor Sasolburg toe kom vir die troue. Ons het toe gereël dat Johanna saam met hom kon opry en saam met my hulle troue bywoon. Na die troue het ek en Johanna met my motor weer teruggekeer na Bellville.

Ons by my oud-kamermaat en vriend, Danie (Makriel) se troue op Sasolburg.
Vlnr: Eddie se Engelse metgesel, Eddie Schutte, ek en Johanna Vercuiel

Ek het die ses maande huisdokter inwoning by Verloskunde en Ginekologie baie geniet. Ek het gehou van wat ek doen. Ek het met ‘n baie aangename groep kliniese assistente saamgewerk. Ek het al hoe meer verloskunde en ginekologiese prosedures self kon doen en my vertroue in dié rigting het toegeneem. Ons het as departement eerste na die Tygerberg Hospitaal oorgetrek en my kollegas het my aangemoedig om nog ses maande aan te bly. Ek het dit ook oorweeg om die Diploma eksamen in Verloskunde van die SA Kollege van Geneeskunde te skryf.

Intussen het my en Johanna se verhouding weer op dreef gekom en dit het ernstig begin raak en ek was verlief op haar ! My kollegas het ook baie van haar gehou en dit was vir my lekker. Ek was baie gelukkig in my werk en het gevoel ek is op pad na êrens !

Ek is egter in Julie weer Paarl Hospitaal toe. Gelukkig het ek toe beter kontak gehou ! In Julie is ek en Johanna een naweek na haar ouers op die plaas naby Piketberg om hulle te gaan vra of ons aan die einde van die jaar kon trou. Ek weet nie of sy hulle gewaarsku het of nie, maar hulle was tog redelik verbaas oor hierdie skielike verwikkeling, maar het nietemin ingestem !

Toe ek in Pretoria was het ek by Andra se pa, wat belange in ‘n diamantmyn of -saak gehad het, intussen vir die wis en die onwis, ‘n diamant gekoop. Hy het dit sommer in ‘n koevert met my naam en adres en ‘n gewone posseël aan my gepos. Ek en Johanna het toe by die juweliers, Pinns, in Kaapstad haar verloofring laat maak. Ons het nou nie juis geglo aan fieterjasies nie en toe ek die ring gaan haal het, toevallig op haar pa se verjaardag, het ons in my motor op 17 Augustus 1972 verloof geraak. Johanna het op daardie stadium in ongevalle gewerk onder suster Hannie, wat soos ‘n broeis hen oor haar verpleegster kuikens gewaak het ! Sy gee toe vir Johanna die volgende oggend, toe sy die nuus van die verlowing hoor, ‘n tydjie om deur die hospitaal te gaan en aan al haar vriendinne die ring te gaan wys !

Ek het die tweede ses maande by Verloskunde en Ginekologie baie geniet. Ek het al hoe meer senior verantwoordelikhede begin kry. Op ‘n dag moes ek vir Prof Willie van Niekerk in sy kantoor gaan sien. My reaksie was “wat het ek nou verkeerd gedoen ?” Hy wou toe weet wat beplan ek vir die volgende jaar. Ek

noem toe dat ek aan die einde van die jaar beplan om te trou, maar dat Johanna, wat haar Diploma in Verpleegkunde aan die einde van die jaar sou kry, die volgende jaar haar kraam opleiding by Tygerberg Hospitaal wil doen. Ek noem toe dat ek reeds navraag gedoen het om steeds Narkose vir ‘n ruk te doen en moontlik Chirurgie ondervinding op te doen, terwyl ek die SA Kollege se eksamen vir die Diploma in Verloskunde wil skryf. Ek sou graag later in Verloskunde en Ginekologie wou kom spesialiseer. Nee, sê hy, jy is nóu hier. Ons het jou goed deurgekyk en jy het ‘n paar goeie hande. Jy kan volgende jaar met Verloskunde en Ginekologie begin. Daar sal vir jou ‘n pos wees ! Ek was so uit die veld geslaan. Dinge het eintlik te vinnig beweeg. Maar ‘n mens kry nie sommer weer so ‘n kans nie en ek het sy aanbod met dankbaarheid aanvaar ! Of dit op daardie stadium so ‘n goeie plan sou blyk te wees, sou die tyd egter leer.

In die laaste drie jaar van my mediese studies het ek ‘n beurs by die Kaapse Provinsiale Administrasie gehad. As ek reg onthou was dit in my 4e en 5e jare R300,00 en in my finalejaar R400,00. Na ek gekwalifiseer het, het ek nooit van die KPA daaroor verneem nie ! Uit die aard van die saak, omdat ek vir 8 jaar daarna vir die KPA gewerk het, het ek my beurs verpligtinge sekerlik nagekom, maar daar was nooit enige korrespondensie van die KPA daaroor nie !

Terug na Inhoudsopgawe